

7 Julie

Skrifgedeelte: Matteus 14:26-32

Oë op Jesus

Wanneer jy die oë op Jesus Christus hou, is niks onmoontlik nie. Jesus se dissipels het in 'n storm beland en was baie bang en benoud. Dadelik is Jesus by hulle (vers 27): "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie." Petrus wil seker maak dat dit Jesus is (vers 28): "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom." Hy wou Jesus toets, nou toets Jesus hom (vers 29): "Kom"! Petrus loop op die water, maar toe hy sien hoe sterk die wind en hoe groot die golwe is, was dit net te erg vir hom en hy begin sink.

Baie dinge lyk vir 'n mens te erg – siekte, uitslag van die ondersoek, kanker, pyn, ellende, dood, alleen agterbly, finansiële swaarkry, vriend of vriendin verloor. Die winde en golwe van die lewe lyk soms net te erg. Jy voel jy wil sink. Petrus roep (vers 30): "Here, red my!" Waarom het Petrus amper gesink? Hy het sy oë van Jesus weggeneem en vir die wind en golwe gekyk.

Ons maak ook soos Petrus. Ons kyk hier teen ons omstandighede was. Dan lyk alles te erg en ons wil sink. As dit gebeur, vlug in die geloof na Jesus Christus en roep: "Here, red my!" Sien die Here se genade raak. Hy het sy hand uitgesteek en Petrus gegryp. Hy red hom, maar Hy vermaan hom ook (vers 31): "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"

Weet verseker, in die sterkste wind en onstuimigste lewensomstandighede is Hy by jou. Sien ook sy mag oor die kruis en die graf raak. Die storm van God se straf op die sonde het Hy aan die kruis deurworstel; daarom sal die storms ons nie oorstroom nie.

Toe Jesus in die skuit geklim het, het die wind gaan lê. Alles was rustig. Die mense in die skuit se reaksie was dat hulle voor Jesus gekniel en Hom aanbid het. 'n Reis met Jesus aan boord is altyd rustig. Hou altyd die oë op Jesus. Moenie teen die storms van die lewe vaskyk nie.

Ds LM Kruger (Uitenhage)